NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 30
6 Augustus 2026

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Spreuke 31: 'n Tydlose model vir Vrouedag

**Op 9 Augustus vier Suid-Afrika Vrouedag. Ons herdenk die moedige vroue wat op hierdie dag in 1956 na die Uniegebou opgeruk het en deur hul eenheid en vasberadenheid 'n blywende nalatenskap nagelaat het.**

Die vroue van 1956 het moed in die openbaar getoon; die deugsame vrou van Spreuke 31 wys vir ons hoe daardie moed daagliks in die gewone lewe gestalte kry. Die hoogtepunt van die hoofstuk is die akrostiese gedig (verse 10 tot 31). Dit is 'n literêre meesterstuk wat die karakter van 'n deugsame vrou van A tot Z beskryf.

'n Akrostiese gedig is 'n gedig waarin elke vers met 'n opeenvolgende letter van die alfabet begin. In die oorspronklike Hebreeus begin die gedig in Spreuke met die letters van die Hebreeuse alfabet – van *Alef* tot *Tav*. Dit is 'n doelbewuste strategie om 'n deugsame vrou se lewe volledig en georden voor te stel. Die struktuur simboliseer die volmaaktheid van die vrou.

*Wie sal 'n deugsame vrou vind? want haar waarde is ver bo korale* (Spr 31: 10, AFR53). Haar man vertrou haar, en sy doen aan hom goed (vers 11 en 12). Dit vorm die grondslag van 'n verhouding wat op betroubaarheid en lojaliteit berus. Die vrou is nie net 'n helper nie – sy is 'n vennoot op wie daar volkome staatgemaak kan word. Verse 13 tot 19 beskryf haar ywer en ondernemingsgees. In 'n kontemporêre Suid-Afrika sou Spreuke 31 se vrou tipies 'n entrepreneur wees wat 'n besigheid bou, 'n werker wat bydra tot die ekonomie, en 'n ma wat haar gesin slim en hardwerkend versorg. Die akrostiese struktuur wys dat haar ywer nie lukraak is nie – dit is deel van 'n groter, geordende lewe. Haar sorg vir haar gesin en huishouding kom sterk na vore (verse 15, 21 en 27). Sy gee vir haar huisgesin kos, sorg dat almal warm aangetrek is, en hou die gang van sake van haar huis dop. Sy is nie lui nie. Terselfdertyd reik sy uit na die armes en behoeftiges (vers 20) – 'n oproep tot barmhartigheid wat vandag nog relevant is in ons gemeenskappe. Die hoogtepunt van die gedig lê in haar innerlike krag en wysheid (verse 23 tot 26). Haar man en kinders prys haar. En dan die klimaks: *Die bevalligheid is bedrog, en die skoonheid is nietigheid; 'n vrou wat die Here vrees, sy moet geprys word* (Spr 31: 30, AFR53). Die gedig eindig met die versekering dat haar werke in die openbaar erken en geprys sal word (vers 31). Egte waarde lê nie in uiterlike skoonheid of prestasie nie, maar in 'n lewe gewortel in die vrees van die Here.


Vir die moderne vrou is Spreuke 31 op Vrouedag nie 'n onbereikbare ideaal nie, maar 'n uitnodiging tot balans en genade. Ongeag of sy 'n besigheid bestuur, in die bediening staan, of 'n gesin versorg, sy kan hierdie beginsels toepas: wees ywerig, wys, sorgsaam en barmhartig. Die akrostiese struktuur herinner ons dat 'n gebalanseerde lewe nie lukraak gebeur nie – dit vereis daagliks doelbewuste keuses.

Op hierdie Vrouedag vier ons die vroue wat met liefde, moed en geloof bou. Mag ons hulle ondersteun, waardeer en toerus. En mag elke vrou die krag vind om as 'n deugsame vrou te leef – nie uit eie krag nie, maar deur die genade van God wat ons vir elke goeie werk toerus. Julle is kosbaar. Julle impak strek verder as wat julle dalk besef.

Mag die Here julle seën en versterk!

**Ds Anel Boshoff**
**(Welkom/Kroonstad/Odendaalsrus)**

## Lief en leed



Mnr Brandon van Rensburg en ds Tanya Maartens

- Baie geluk aan **ds Tanya Maartens** (Klerksdorp-Wilkoppies) en **mnr Brandon van Rensburg** wat op 26 Julie verloof geraak het.



Ds Thomas Dreyer

- **Ds Thomas Dreyer** (Wapadrant) is op 4 Augustus weer geopereer, en sterk tans in die hospitaal aan. Ons wens hom 'n spoedige herstel toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 14 Augustus. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 5 Augustus: Ds PW (Duwies) Duvenage (emeritus)
  - Donderdag 6 Augustus: Ds RG (Renier) Lee (emeritus)
  - Vrydag 7 Augustus: Di HJ (Kobus) Celliers (Brits), EJ (Rassie) Smit (emeritus), en JAP (Johans) van Tonder (siekte-emeritaat)
  - Saterdag 8 Augustus: Ds JB (Jan) Schutte (emeritus)
  - Maandag 10 Augustus: Di J (Johan) Ayres (emeritus/Germiston), D (Denise) Schmidt (Dolfynkus)
  - Dinsdag 11 Augustus: Ds E (Elizabeth) Rossouw (Stellenbosch)
  - Donderdag 13 Augustus: Ds JMJ (Jan) de Wet (emeritus)

## Vergaderings

- Dinsdag 11 Augustus: Kuratorium

## Gemeentes en bediening



Ds Frikkie Viljoen

- **Ds PF (Frikkie) Viljoen** (emeritus) het die **beroep** na **Hartebeeshoek** (deeltyds) **aanvaar**. Sy bevestiging sal op 23 Augustus om 09:00 plaasvind. Belangstellendes wat die bevestiging, nagmaal en gemeente-ete wil bywoon, moet asseblief voor 18 Augustus u bywoning met Lukas by 081 354 0777 bevestig.



Ds Neels van Tonder

- **Ds CAP (Neels) van Tonder** (emeritus/Boksburg) het **'n beroep** na **Wesmoot** (deeltyds) ontvang.

- **Dr JH (Jan) Vorster (emeritus)** het 'n beroep na **Jeffreysbaai/Port Elizabeth** (deeltyds) ontvang.

## Werkgeleenthede



Dr Jan Vorster

- **Ons Tuis (MSW)** beskik tans oor 'n vakante pos vir 'n **maatskaplike werker** by ons selfsorg- en residensiële fasiliteite te Pretoria. Die geskikte kandidaat moet passievol en toegewyd wees om die lewenskwaliteit van ouer persone te verbeter en deel te vorm van ons multidissiplinêre span.

  Vir volledige inligting rakende kwalifikasies, ondervinding, vaardighede en sleutelverantwoordelikhede, besoek Ons Tuis se ***Facebook***-blad.

  Aansoeke met 'n volledige CV kan gestuur word na **adm@otmt.org** vir aandag: Mnr G Janse van Rensburg, Personeelbestuurder Ons Tuis (NPC). Die sluitingsdatum vir hierdie pos is **7 Augustus 2026**.

- **Bedieningsruimte: Gemeente Otjiwarongo-Outjo-kombinasie**

  Die Ring van Dorsland nooi **geordende predikante en proponente van die NHKA** om belangstelling te toon in 'n bedieningsruimte binne die Otjiwarongo-Outjo-kombinasie. Die gemeente se bedieningsmodel berus op onderlinge verantwoordelikheid, samewerking tussen gemeentes en missionale kerkwees.

Die bedieningsopdrag:

- Ongeveer twee derdes van die werkstyd word gewy aan gemeentelike bediening in Otjiwarongo en Outjo, onder opsig van die betrokke kerkrade.
- Die bediening omvat Woordverkondiging, die bediening van die sakramente, kategese, pastorale versorging, huis- en siekebesoek, kerkraadswerk en gemeenskapsbetrokkenheid.
- Eredienste word normaalweg op Sondae in beide gemeentes gehou, met geleenthede vir bediening in omliggende dorpe en landelike gebiede.
- Ongeveer een derde van die werkstyd word, in opdrag en onder toesig van die Ringskommissie, aan ringsadministrasie, koördinering van en ondersteuning rakende kerklike en Namibiese wetlike nakoming bestee.

**Vir verdere inligting:**
Kontak gerus **ds Leon Janse van Rensburg** by **leonjvr@iway.na** vir meer inligting asook die proses wat vir aansoeke gevolg moet word.
Sluitingsdatum: **31 Augustus 2026**

Die beroepsproses en uiteindelike bevestiging vind plaas ooreenkomstig die Kerkorde en bepalings van die 74ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA, die toepaslike beroepsbrief en die vereistes van Namibiese wetgewing.

## ’n Gedagte

**Ek het ’n huisie by die see**

Ek het ’n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – ’n kreun, ’n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.
My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is dit veilig, warm en dig.
Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is ’n rots waarop my huisie staan.

**HA Fagan**


https://gewildstegedigte.litnet.co.za/fa-fagan/ek-het-n-huisie-by-die-see/index.htm

## Kerklike en ander publikasies

- Die **Augustus 2026-uitgawe van *Die Hervormer*** is aan ons dames gewy. **Prof Tanya van Wyk** skryf in die voorbladartikel oor die bewusmaking van vroue se stryd vir gelyke erkenning. **Ds David Barnard** vra in sy redakteursbrief of ons nog byhou met al die veranderinge rakende kunsmatige intelligensie (KI). Hy wys daarop dat hierdie handige hulpmiddel soms tot inligtingsuitputting (*information fatigue*) kan lei. Die middelblad fokus op die onlangse 50ste Nasionale Kongres van die NHSV. **Mev Mari-lizé Beukes** verskaf ’n oorsig van die kongres asook van die werksaamhede van die NHSV oor die afgelope drie jaar. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en ’n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.


NHKA Die Hervormer

Bewusmaking, veerkragtigheid en die saak van vroue




## Kom kyk en luister saam

- Ons weeklikse **Blitsflits** word aangebied deur Armand Pretorius. Klik ***hier*** vir die weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.
- Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op Donderdae in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat alle dagstukkies daagliks in teksvorm op **Facebook** gedeel word.

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

| | |
|---|---|
| 8 Augustus om 07:00 | **Gemeente Hartebeestpoort** bied weer die jaar hulle 5de **Bosveld MTB** aan. Daar is 'n keuse van vyf afstande, naamlik: 4 km & 8 km *kiddies ride*, 36 km, 91 km en 156 km. Dit vind by Brits-vliegveld plaas. Aanlyn inskrywings kan gedoen word. Vir navrae **kontak**: Ds Corlien van der Merwe by 083 654 8154, Marcel by die kerkkantoor 012 252 4315, Mechiel Ras by 072 605 1393, Mias van der Merwe by 083 320 2466. Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings en ***hier*** vir **inskrywings via Entry Ninja**. |
| 21 Augustus vanaf 17:00 | **Gemeente Pretoria-Oos: Steve onder die sterre.** Kom ondersteun hierdie fondsinsamelingsprojek vir die **diens en herstel van die orrel**. Kostes: R200 per volwassene of R500 per gesin. Die aand gaan die vorm van 'n **mini-basaar** aanneem. **Kaartjies** is beskikbaar by die kerkkantoor by 012 460 8441. Bring asseblief jul eie **kampstoele**. |
| 22 Augustus vanaf 14:00 | **Gemeente Outjo en Otjiwarongo: Kom speel saam met ons naggholf en geniet ons basaar.** Die naggholf begin 14:00 met nege putjies, gevolg deur aandete en 'n verdere nege putjies. By die basaar is daar onder andere heerlike pannekoek, biltong en stalletjies. Vir meer inligting, **kontak**: Sunet Hayward by 081 224 1717, Tony by 081 213 3720 of Elsebie by 081 229 6490. |
| 28 Augustus 19:00 | **Gemeente Schoemansdal: Magda Louw en haar Erhard** kom kuier met hul vertoning ***How Louw can you go?*** Kaartjies kos R220 per persoon en is beskikbaar by **Lezl by die kantoor** by 012 253 0146. Dit is 'n **fondsinsamelingsprojek ten bate van die NHSV**. |
| 29 Augustus vanaf 07:30 tot 14:30 | **Gemeente Witfontein Delwersfees:** Jy word uitgenooi om Gemeente Witfontein se 23ste Delwersfees te kom ervaar te NHK Witfontein (Stasiestraat 750, Pretoria Noord). Kom delf saam met ons op soek na R43 000 se kontantpryse. Sertifikate wat jou in staat stel om te delf, kan ***hier*** teen R25 gekoop word. Daar sal ook heerlike basaarkos en sommer baie vermaak wees vir 'n gesellige saamkuier. Kom vroeg vir die Pelgrimsontbyt. Kom geniet al die vars gebak en vars produkte. Daar is 'n massiewe pretpark vir die kinders en die Witfontein Stasiestraat Junction treintjie sal groot vermaak verskaf. Om 11:00 is daar 'n Hannon *Make Over Roadshow* @ R150. Kontak vir ds Jimmy 083 254 4771 of ds Janine 083 260 0983 vir meer inligting. |
| Sluitingsdatum: 30 September | **Gemeente Dullstroom:** Koop 'n **lootjie** teen R100 en staan 'n kans om **een van drie vakansies** te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur 'n **inbetaling** in die gemeente se bankrekening te doen. Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing. **Bewys van betaling** moet aan Hannetjie by 082 839 5669 gestuur word om u **kaartjienommer** te ontvang. |







## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Liewe Heer,

Met die breek van hierdie dag voel ons klein voor U, o Heer.
Diep afhanklik van u krag val ons op ons knieë neer.
Wat die toekoms ons mag bring, ons is in u Vaderhand.
Met geloof kyk ons vooruit na 'n toekoms in die land.
Heer, ons bid vir elke mens en ons lewe in die land –
dat U ook by ons regeer; lei en sterk ons deur u hand.
Leer ons bid, Heer, sonder al die vrae – Vader, wat U wil, is goed.
Help ons net om hierdie dag te dra met 'n vredevol' gemoed.

Amen.

**VONKK 167: 1-3**

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger